"It is impossible under the constitution to confer such functions upon any body other than a court... In short, any attempt to vest any part of the judicial power of the Commonwealth in any body other than a court is entirely ineffective." [12]

In a decision that it is constitutionally not viable to vest judicial powers (among others) in a conciliation and arbitration "court" which must settle industrial disputes, the British Privy Council in *Attorney-general of the Commonwealth of Australia v Reginam and the Boilermakers' Society of Australia and Others* [1957] 2 All ER 45 used the above-mentioned dictum in Alexander's case as principal authority for its decision.

Section 27A of the Supreme Court ACt thus seems to be *prima facie* unconstitutional.

[Letter shortened – *Editor*]

H J Benade, Free State Bar, Bloemfontein

Footnotes:

1. Clause 39 as translated and reproduced in Downs *Basic Documents in Medieval History* (1959) 121, London: Van Nostrand.
2. Cf Poole *From Domesday Book to Magna Carta* (1993) 1087-1216, 474-477, Oxford University Press. According to Berman *Law and Revolution: The Formation of the Western Tradition* (1983) 442-443, Harvard University Press, the general use of a few neighbours to settle cases before royal judges, originated in civil cases. Although the above-mentioned clause is usually associated with the jury system, it should be remembered that neither Anglo-Saxon law, nor Frankish or Norman law at that time differentiated between civil and criminal cases.
3. Taitz, J *The Inherent Jurisdiction of the Supreme Court* (1985) 9-10, Cape Town: Juta. Cf also Hosten, Edwards, Nathan & Bosman *Introduction to South African Law and Legal Theory* (1977) 591, Durban: Butterworths; Van Zyl *Beginsels van Regsvergelyking* (1981) 291, Durban: Butterworths and Baxter *Administrative Law* (1984) 31, Cape Town: Juta.
4. Harms LTC *Civil Procedure in the Supreme Court* (1990) 82, Durban: Butterworths.
5. A registrar is a typical civil servant resorting under the line function and bureaucratic authority of the director-general and Minister of Justice. His promotion and salary are handled by the Public Service Commission as contemplated in chapter 13 of the Constitution of the Republic of South Africa, Act 200 of 1993).
6. Baxter, op cit, 75.
7. Du Pessis and Corder *Understanding South Africa's Transitional Bill of Rights* Cape Town: Juta.
8. Haysom "The Bill of Fundamental Rights: Implications for legal practice" (1994) *De Rebus* 125 at 127.
9. Mahomed I "The impact of a Bill of Rights on Law and Practice in South Africa" (1993) *De Rebus* 460.
10. *Sigcau v The Queen* 1985 12 SL 256; and *Minister of the Interior v Harris* 1952(4) SA 769 A at 792.
11. As contemplated in section 35(1) of the constitution.
12. At 442. The decision in *South African Technical Officials' Association v President of the Industrial Court and Others* 1985(1) SA 597 AD is in the same spirit.

Kritiek op die Verkiesingshof

[Briewekolom: *Die Burger*, Dinsdag, 12 Desember 1995]

Hierdie brief word gepubliseer nie om kant te kies in 'n politieke geskil nie, maar om die aandag te vestig op die dikwels oppervlakkige wyse waarop politici en die pers oorwoë hofuitsprake benader – Redakteur.

DIE Spesiale Verkiesingshof se funksie is om hoogs omstrede verkiesingsgeskille te ontlont. Sy uitsprake is nie bo kritiek verhef nie. Maar dan moet dit ingelig wees, veral omdat die hof (bestaande uit 'n appèlregter en vier hooggeregshofregters) homself nie kan verweer nie.

Die onlangse aanval deur 'n ANC-segsman op die hof se uitspraak betreffende die Durbanse metropool ('n "travesty of justice") en u eie onlangse hoofartikel oor die Wes-Kaapse uitspraak ("Die afbakeningsgeskil", *DB*, 6 Desember) is albei erg waningelig en onbillik.

Dit is nie waar dat Langa "die verantwoordelikheid van die Tygergergse substruktuur" geword het, soos u hoofartikel konstateer nie. Word 'n hofuitspraak nie eens geléés voor u kritiseer nie?

Maar die ergste is u getroue herhaling van premier Hernus Kriel se kritiek teen die hof: "dat dit moeilik is om te begryp hoe die hof binne 'n dag en 'n half oor so 'n ingewikkelde saak met soveel verreikende implikasies kon beslis." Die insinuasie is duidelik: of die hof het op 'n partydige wyse vooraf oor die saak besluit of hy het 'n onbesonne uitspraak gelewer.

Die vertrekpunt is verbysterend. Premier Kriel is selfs 'n vinniger ontleder. Reeds op 10 Augustus het hy (nogal uit Hongkong) 'n gedetailleerde mondelingse uitspraak van die Kaapse volbank, wat daardie selfde middag gelewer is, as te "tegnies" afgemaak. Amper so vinnig was die twee NP-gesinde lede van die provinsiale komitee wat blykbaar in staat was om hul eie afbakeningsbesluit ter ondersteuning van mnr Peter Marais, LUR, binne ure te neem. Oor die einste "ingewikkelde saak met soveel verreikende implikasies".

Gemeet teen sulke standaarde werk die Spesiale Verkiesingshof teen 'n slakkepas!

Belangriker is egter die feite wat u nie noem nie. Die hofstukke is weke vooraf geliasseer. Volledige skriftelike betooghoofde is die vorige week ingedien. Al wat oorgebly het, is die mondelinge argument – en dié namens mnr Kriel se kollega het maar anderhalfuur geduur.

Die Burger se nuwe rol as kritikus nie slegs van regerings nie, maar die howe boonop, is werklik verfrissend. 'n Mens kan slegs hoop dat dit met integriteit selfs binne 'n verkiesingstryd waarin u blykbaar uself nou op party-vlak beywer — sal geskied.

J J Gauntlett SC
Kaapstad